

Skriflesing: 2 Samuel 9: 1 – 13; Lukas 22: 24 – 30

Teks: **2 Samul 9:11; Lukas 22:30** *Teks by nabetrugting: 2 Samuel 9: 11-13; Lukas 22:29-30*

Sing: VOORAF SANG- Ps. 107:1, 2

TYDENS EREDIENS- Ps. 105: 1, 3; Ps. 19:4; Ps. 104: 1,7,9; Ps. 23:3; Ps. 116 ... Sb. 10-2 (28B)

2 Samuel 9: 1 – 13

2Sa 9:1 Op 'n dag het Dawid gevra: "Het daar nie miskien iemand uit Saul se familie oorgebly nie? Ek sou hom graag onder my sorg wil neem ter wille van Jonatan."

2Sa 9:2 Hulle het toe vir Siba, 'n amptenaar van Saul se hofhouding, na hom toe laat roep. "Is jy Siba?" vra die koning hom. Hy antwoord: "Ek is u onderdaan."

2Sa 9:3 "Is daar nie miskien iemand uit Saul se familie oor nie?" wou die koning weet. "Ek wil hom 'n besondere guns bewys." "Daar is nog 'n kreupel seun van Jonatan," was Siba se antwoord aan die koning.

2Sa 9:4 "Waar is hy?" vra die koning hom toe, en hy het geantwoord: "Hy is in die huis van Ammiël se seun Makir in Lo-Dabar."

2Sa 9:5 Koning Dawid het hom toe laat haal uit Makir se huis in Lo-Dabar.

2Sa 9:6 Toe Mefiboset seun van Saul se seun Jonatan by Dawid kom, het hy op sy knieë geval voor Dawid en gebuig. "Mefiboset?" vra Dawid. "Ek is u onderdaan," antwoord hy.

2Sa 9:7 Dawid sê vir hom: "Moenie bekommerd wees nie, want ek het besluit om jou onder my sorg te neem ter wille van Jonatan jou pa. Ek gaan al die grond van jou oupa Saul aan jou teruggee, en boonop sal jy van nou af by my aan huis eet."

2Sa 9:8 Hy het weer voor Dawid gebuig en gesê: "Wat is ek tog dat u aandag gee aan 'n dooie hond soos ek?"

2Sa 9:9 Dawid het vir Siba die amptenaar van Saul geroep en hom beveel: "Alles wat aan Saul en sy familie behoort het, gee ek aan sy kleinseun.

2Sa 9:10 Jy en jou seuns en jou slawe moet vir hom die lande bewerk en die oes insamel sodat daar kos kan wees vir sy huishouding, en sodat hulle kan eet. Maar Mefiboset die kleinseun van Saul sal van nou af by my aan huis eet." Siba het vyftien seuns en twintig slawe gehad.

2Sa 9:11 *Hy het die koning geantwoord: "Ek is u onderdaan, ek sal doen net soos die koning my beveel het, en Mefiboset sal by u aan huis eet soos u eie kind."*

2Sa 9:12 Mefiboset het 'n klein seuntjie gehad wie se naam Miga was. Die hele huishouding van Siba moes vir Mefiboset bedien.

2Sa 9:13 Mefiboset, wie se voete gebreklik was, het in Jerusalem gebly, want hy het van toe af by die koning aan huis geëet.

Lukas 22: 24 – 30

Luk 22:24 Daar het onenigheid onder hulle ontstaan oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word.

Luk 22:25 Maar Jesus sê vir hulle: "By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem.

Luk 22:26 Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien.

Luk 22:27 Wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien.

Luk 22:28 Julle is die mense wat in my beproewings altyddeur by My gebly het.

Luk 22:29 Net soos my Vader 'n koninkryk aan My bemaak het, so bemaak Ek 'n koninkryk aan julle,

Luk 22:30 *sodat julle in my koninkryk aan my tafel kan eet en drink en op trone kan sit om oor die twaalf stamme van Israel te regeer."*

Skriflesing: 2 Samuel 9: 1 – 13; Lukas 22: 24 – 30

Teks: **2 Samul 9:11; Lukas 22:30** *Teks by nabetrugting: 2 Samuel 9: 11-13; Lukas 22:29-30*

Sing: VOORAF SANG- Ps. 107:1, 2

TYDENS EREDIENS- Ps. 105: 1, 3; Ps. 19:4; Ps. 104: 1,7,9; Ps. 23:3; Ps. 116 ... Sb. 10-2 (28B)

Geliefde broeder en suster, ons wil vandag ook weer aan die tafel van die Here aansit. 'n

Voorreg wat niks anders op aarde mee vergelyk kan word nie. Uit God se Woord word ons vandag gebring ook by 'n tafel, inderwaarheid twee tafels. Die een is in die Ou Testament, die

tafel van koning Dawid en die ander tafel is in die Nuwe Testament. Die tweede tafel kan ons selfs noem 'n tafel van die Seun van Dawid, want as daar van Jesus gepraat word, kan daar ook na Hom verwys word as die Seun van Dawid.

Eers dan Dawid se tafel self om dan by die tafel van koning Jesus uit te kom. Tussen die twee tafels is daar 'n baie lang tydverloop. Daar is seker amper meer as 1000 jaar wat die twee tafels van mekaar skei, maar tog moet ons by hierdie Nagmaal vandag duidelike verbande tussen die twee tafels kan plaas. Wonderlik hoe hierdie tafels één kan word en dat ons nie mag skei wat God saamgevoeg het nie.

Kom ons die verbande en die eenheid tussen die twee tafels vandag op drie plekke soek.

Eerstens by albei tafels is daar van 'n soekende k(K)oning sprake. Tweedens, albei tafels laat iets deurkom van een wat huiwer, 'n huiwerende siel. So sal ons dan ook na die tafel van die Here gaan. En by nabetrugting sal ons dan ook sien, albei tafels wil die koning se seuns, die koning se kinders die lewe intrek en die lewe instuur. Ons mag ons deel voel van die Koning se seuns, sy kinders. Eerste dan –

By albei tafels is daar 'n soekende koning:

Koning Dawid beleef op hierdie stadium die beste deel van sy koningskap. Dit gaan met hom goed. Daar was die jare wat dit werklik nie met hom goed gegaan het nie. Veral in sy jonger tyd, toe die ryk nog baie verdeeld was, hy eintlik maar oor 'n klein gedeelte van Israel regeer het. Vóór dit was daar ook die jare wat koning Saul regtig die lewe vir die jongman Dawid baie onaangenaam gemaak het. Hoe baie Dawid onder Saul gely het en hoe hy voortdurend vir hom moes vlug is sekerlik baie diep in die onderbewuste van Dawid ingegraveer gewees. Jy kry nie sommer iemand wat jou al baie seergemaak het, uit jou gedagtes gewis nie. Dink maar aan die dae wat Dawid vir Saul op sy lier sou speel en as Saul in van daardie buie gekom het, hy vir Dawid met sy spies teen die muur wou doodgooi. Dawid wat deur genade net betyds uit die pad van die spies kon beweeg. Dis traumaties wat met Dawid gebeur het, ja hoe sou Dawid dit kon vergeet.

Saul is nou dood, Dawid is nou koning en Dawid sou met goeie reg nie alleen van die nakomelinge van Saul niks wou weet nie, maar die reg sou selfs aan sy kant wees om die

nageslag van Saul uit te wis. Konings het dikwels hulleself gewreek op die kinders van hulle voorganger net om te keer dat daardie kinders nie weer op die troon kon aanspraak maak nie. Geweldig die magte en die regte wat so 'n koning hulleself kon toe-eien.

Waar ons vandag vir Dawid aantref is alles behalwe die wraakgierige, magsbehepte, koning. Dawid se gesindheid en sy bediening van gesag spreek vanuit 'n ander orde as die orde wat die wêreld aan gewoon geraak het. Die mense saam met Dawid in sy paleis hoor hom dat hy soek na van Saul se nakomelinge. In vers 1 het ons dit al gelees- *"Het daar nie miskien iemand uit Saul se familie oorgebly nie? Ek sou hom graag onder my sorg wil neem ter wille van Jonatan."* Ons weet die besonder hegte verhouding wat daar tussen Dawid en Jonatan was. Jonatan wel Saul se seun maar wat ook van 'n ander gesindheid oortuig was as hoe sy pa was.

Nou word Dawid op die spoor geplaas van iemand wat ons vandag by die Nagmaal ook sou moes kon raaksien. Saul het 'n kleinkind gehad met die naam Mefiboset. Soos baie van ons, veral as jy al baie seergekry het, die seerkry het ook maar altyd 'n geskiedenis. So ook Mefiboset se seerkry. Ons lees dit in 2 Samuel 4 vers 4: *4 Saul se seun Jonatan het 'n seun gehad met gebrekklike voete. Hy was vyf jaar oud toe die tyding oor Saul en Jonatan uit Jisreël gekom het, en die vrou wat hom versorg het, het hom opgetel en gevlug, maar in haar haas het hy geval en so kreupel geword. Sy naam was Mefiboset.*

God se Woord lê nogal baie klem daarop dat hy aan albei sy voete seergekry het. Kreupel aan al twee voete. Dawid as soekende koning, wil dadelik die seer mens, die man wat nie meer kon loop nie, nader laat kom. Dawid in sy sterkste jare van koningskap, in sy uur van triomf deursoek hy sy koninkryk om dan eintlik maar net 'n gebrekklike man te vind. In menseoë dalk gebrekklik maar hoe kyk God na hom, ja laat die vraag by hierdie tafel eintlik ons nog skerper sny. God se Woord bly mos maar altyd 'n tweesnydende swaard. Hoe gebrekklik is ek wat vandag Nagmaal wil vier nie ook in my lewe nie. Die sonde maak ons gebrekklik. Ons kan dalk nog op ons voete staan maar hoe is dit met jou voete van geloof gesteld. Kan jy waarlik vandag voor die Here sing, die lied wat ons dalk al te maklik sing, dat ek het die voete van 'n ribbok, ek kan op gevaarlike plekke veilig loop. Die lied na aanleiding van Habakuk 3 sing mos van - ***Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan, Hy laat my vas en veilig staan.*** Hoe mooi en oortuig dit

mag klink om dit te kan sing, vir Mefiboset sou hierdie lied swaar gewees het. Dadelik moet ons erken hoe dikwels is ek wat vandag die Nagmaal wil vier ook eintlik nie meer so rats in die geloof nie. My voete raak glyerig, ek wankel maklik, trap maklik skeef - dalk is ons assosiasie met Psalm 73 se voete, ja Asaf wat gesê het in vers 2 van die Psalm- *2 Maar wat my aangaan, my voete het amper gestruik, my voetstappe het byna uitgegly...*

Kom ek met ribbok voete, of kom ek met Asaf voete na vandag se Nagmaal. Mag dit ribbok-voete wees, dit is ons gebed, maar as ek na myself kyk, hoe dikwels het ek ook maar Asaf-voete, of dalk nog veel eerder, Mefiboset-voete. Nie net voete wat amper wil gly nie, maar in ons geval, voete wat vanweë my sonde, ja my sonde is besig om my bene van geloof te verlam. Meer as net my voete! Al twee voete van Mefiboset is lam, ja albei. Die oproep van Hebreërs 12: 12-13 moet ons ook maar weer goed hoor- hoe nodig is die oproep nie...! *12 Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op; 13 en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word.*

In Mefiboset se geval al was sy twee fisiese voete nooit weer in staat om vas te trap nie, wil God vir sy kind, al het ek nie meer sterk voete, wil God nog altyd vastrapplek gee. Nagmaal is so 'n vastrapplek. Hier is nie twee voete ter sprake nie, maar twee tekens. Gebreekte brood en 'n beker wyn. Tekens wat God ons skenk dat ek wel weer vandag mag glo, daar kan 'n reguit pad wees, ja wat kreupel is en uit lit is, kan gesond word. Ek mag soos Habakuk wil sing van *Hy maak my voete soos die van 'n ribbok*, maar vóór u dit wil sing, hoor eers mooi wat die soekende Koning vir jou sê.

Dawid wou vir Mefiboset by sy tafel uitbring, ja Dawid het gesorg dat hy by sy tafel uitkom, maar ons mag die stem van nog 'n belangriker Koning hoor, baie belangriker as wat Dawid was. Jesus se tafel staan nie los van Dawid se tafel nie. Soos Dawid sy dienaars gestuur het om uit te gaan en te soek na iemand uit die geslag van sy vyand, ja om 'n Mefiboset by sy tafel uit te kry, want sy hart was nie meer donker oor Saul nie. So wil God nie hê jou hart moet donker wees oor ander mense nie, maar God wil jou by sy tafel hê. Nagmaal is om Christus vir jou te hoor sê *Hy soek en wil red wat verlore is*. Jesus vertel 'n slag somer drie gelykenisse wat wys Hy soek na sy kinders. Die herder wat 99 skape in die veld van gevare los net om daardie 1 skaap te gaan

soek wat verlore geraak het. Die weduwee vee haar hele huis uit, op soek na daardie een muntstuk wat soek geraak het en die ergste maar ook die mooiste van alles, die pa wat sy verlore seun terug by hom wou hê, al was die seun by die varkhokke van die lewe. Die pa het nie ophou verlang, die pa het nie ophou soek dat sy kind tog net moet terugkeer nie. Weet vandag God gee ons in Christus 'n Koning wat soek wat aan Hom behoort. Keer terug, kom huis toe, kom tafel toe, dit is jou Koning wat jou roep, maar dadelik besef ons vóór hierdie Nagmaal, is daar ook iets anders. Die groot huiwering by Mefiboset. Daarom is ons tweede gedagte-

By albei tafels sien ons die huiwering van die siel ...

Ons kan aanvaar toe Mefiboset die opdrag ontvang om by die koning se paleis aan te meld was hy sekerlik in vrees en bewing. Hy het sekerlik kennis gedra hoeveel smart sy oupa vir Dawid aangedoen het. Al wat hy kon dink nou het die dag van afrekening gekom. Nou gaan die koning dit wat my oupa hom aangedoen het op my wreek, selfs kan hy my dalk doodmaak. Ons kan ons daarom indink watter huiwering was daar by Mefiboset om na Dawid te gaan. Hy wat nie eers kan weghardloop nie. Rolstoele was daar ook nog nie. Met stok en kruk en met behulp van sy vriende kom hy oor die paleis se vloer aangestrompel. Tot binne die troonsaal. Meteens kyk hierdie twee manne mekaar in die oë. Die magtige koning Dawid en die huiwerige ja arme onwaardige Mefiboset. En Mefiboset val op sy knieë voor Dawid neer en sy woorde spreek so baie ... *Wat is ek tog dat u aandag gee aan 'n dooie hond soos ek?"* Tragies hoe Mefiboset homself vergelyk met een van die vuil Oosterse straathonde.

Dis hoe Mefiboset na homself kyk. Dadelik die vraag is ons uit onself beter mense as Mefiboset. Hoegenaamd nie, my broeder en suster. As dit gaan om onself moet daar ook by ons huiwering wees om tot hierdie tafel te mag nader. Dadelik besef God kyk nie na ons as honde nie, maar as sy kinders. Die tafel waarby ons nou mag aansit is die tafel van die Koning van die konings. Dit bly altyd aangrypend hoe God sy kinders by Hom wil hê. Hoe dikwels Hy hulle uitnooi - Matt. 11 vv. 28-30 is sekerlik 'n deel wat ons mag uitsonder in hoe God sy kinders na Hom uitnooi. 28 *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. 29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. 30 My juk is sag en my las is lig."* Waar daar uit onself huiwering moet wees om tot die Here se tafel te mag nader, tog watter voorreg om jou Verlosser na sy tafel te hoor roep. Ons voel in onself sekerlik ook so onwaardig soos Johannes die Doper

dit van homself gesê het- *Ek is nie waardig om sy skoenriem los te maak nie ...* Tog was Johannes ook al in lyn met die roepe van Jesus as Johannes ook sê - *Ek is die stem van die een wat roep in die woestyn.* Ons word klein en nietig in die teenwoordigheid van Jesus Christus. Hy die Koning van die konings. Ek is nagmaalganger, dit sal ook my gewaarwording wees- ek is onwaardig. Tog wil die Here die een wat so voel by sy tafel hê. Soos Dawid Mefiboset by sy tafel wou hê. Mag u dan nou ook so tot die Here se tafel nader. Tog as ons vandag by die tafel kon aansit, ons was deel van die gebreekte brood, die beker wyn, ons kon deel in die feesmaal vir verlore sondaars. Tog sal ons nabetraging ook die vraag wil vra, ja die voorreg wil uitspel om as die Koning se seuns, die Koning van die konings se kinders hier te mag weggaan.

AMEN

NABETRAGING-

2 Samuel 9: 11 – 13 (2020 Vert).

11 Siba het die koning geantwoord: “Ooreenkomstig alles wat my heer die koning sy dienaar beveel, presies so sal u dienaar optree.” Mefiboset het toe aan sy tafel geëet, soos een van die koning se seuns. 12 Mefiboset het 'n jong seun gehad met die naam Miga. Al die bewoners van Siba se huis was Mefiboset se dienaars. 13 Mefiboset het in Jerusalem bly woon, want hy was 'n gereelde gas aan die koning se tafel. Hy was kreupel; albei sy voete was misvormd.

Lukas 22:29-30 (2020 Vert).

28 “Julle is die mense wat deur al my beproewinge steeds by My gebly het. 29 Ek bemaak aan julle 'n koninkryk, net soos my Vader dit aan My bemaak het; 30 sodat julle in my koninkryk aan my tafel kan eet en drink, en op trone kan sit om reg te spreek oor die twaalf stamme van Israel.”

Sing Sb 28b (10-2)

Geliefdes wanneer ons weer so na ons teksverse luister. Ons besef waarlik die voorreg dat ek as arme ellendige sondaar het God my seun en sy dogter gemaak. Ek mag my plek aan die Koning se tafel ingeneem het. Ek wat nie beter is as die mens lam aan albei sy voete nie. Tog het ek aan albei die tekens van Christus se liggaam en Christus se bloed deel kon kry. Mefiboset wat behoort aan die geslag van Dawid se vyande. Dawid het hom egter so behandel soos asof Mefiboset sy eie kind was. Mefiboset wat in homself so onwaardig gevoel het, hy sien homself as n dooie hond vóór die koning en tog die koning maak hom sy kind. Hy mag aan die koning se tafel geëet het. Ja, daar is Hebreeuse tekste wat dit nog meer persoonlik maak. Hy het geëet aan *my tafel ...* dis asof Dawid dit in die eerste persoon uitspreek. Jy is welkom aan my tafel. Presies soos wat God jou in sy Persoon as kind van Hom by sy tafel wou hê. God wat sal kan sê – hierdie is *My tafel...* Ons lees Mefiboset het aan daardie tafel gekom *soos een van die koning se seuns...*

Dawid het voortaan aan al Mefiboset se lewensbehoefte voorsien. Ons kan spreek van onverdiende maar eintlik ook onverdunde liefde wat Mefiboset van Dawid ontvang het. Mefiboset was die res van sy lewe versorg. Nog méér as dit. Ons teksverse vat dit verder. Ook Mefiboset se kind Miga was ingesluit. Die verbond strek altyd wyer, die verbond bevat genade wat ons nie eers op kon reken nie. As ons ander gedeeltes gelyk dan wil dit lyk Mefiboset was eerder ook weer die oupa van Miga gewees, want 1 Kron. 8 vers 35 en 1 Kronieke 9 vers 40 stel dit dat *Meribbaäl het Miga verwek*. Hoe dit ook al sy Dawid het meer as een geslag op die wyse by sy tafel toegelaat. Dawid het selfs vir Mefiboset meer as net kos gegee. Hy het aan hom verantwoordelikheid verleen, bepaalde gesag want hy wat lam was aan albei sy voete moes gesag kon bedien ... Ons lees ... *Al die bewoners van Siba se huis was Mefiboset se dienaars*. Dit bly altyd 'n genade voorreg om God se gesag aan andere te mag bedien. Ons wat in die ampte staan mag dit nooit vergeet nie; daarvan mag ons ook nie 'n gemors maak nie.

Hoe aangrypend stel Jesus dit nie in Lukas 22 nie. Die gedeelte waar Hy juis die Nagmaal ingestel het met die brood en die beker wat hulle aan tafel vir mekaar moes aangee. Jesus wat spesifiek sê *deel dit onder mekaar*; of soos die 1983 Vert dit stel- *Neem dit en gee dit vir mekaar aan*. Die 1953 Vert stel dit - *Neem dit en deel dit onder julle*. Ons het die brood kon deel ons het die bekere kon deel, watter besondere gemeenskap wat kon plaasvind, dit is die verbond wat in werking was. Hoe wonderlik, hoe aangrypend dat God dit met ons wou deel. As kinders van God het ons ons plek aan die Koning se tafel kon inneem.

Ons het vandag soos die verhaal met Mefiboset begin, besondere liefde ontvang om verder uit te dra en uit te leef. God wat op besondere wyse nie net aan plek aan sy tafel gegee het nie, maar Hy voorsien in ons daaglikse behoeftes. Vir die hemelse Koning se kinders word gesorg. Mefiboset mag aan die koning se tafel aangesit het asof hyself een van sy kinders self is. God het jou en my aan sy tafel laat aansit waar dit God Self is wat ons sy kinders gemaak het. Ons mag op 'n besondere wyse vandag hier uitgaan met die waarheid van Joh. 1 vers 12 en 13 ook in ons harte ... *12 Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. 13 Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore*. Dan ook 1 Joh. 3 vers 1- 1 *Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit*

ook. Daarom het ons by vandag se Nagmaal waarlik God se soeke na jou gehoor, al het jy dalk gehuiwer om aan sy tafel te deel, sy beker, sy brood, weet God het dit vir jou wou gee. Hy wat jou gemaak het sy kind.

AMEN